

22 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 63

Fokusgedeelte: Psalm 63:4

God se troue liefde is meer werd as die lewe

Die psalmis het 'n baie besondere verhouding met God. Hy praat van "God, my God" en noem openhartig sy verlange na die Here. Hy is weg van die heiligdom en nou verlang hy om naby die Here te wees.

Hy soek sy sterkte in die Here, want daar is mense wat sy ondergang soek. Onder hierdie omstandighede sê hy: "U troue liefde is meer werd as die lewe" (vers 4). Daarmee sê hy dat die Here se troue liefde vir hom alles is en dat dit vir hom meer beteken as om net te bly lewe. Ons sien hierdie belydenis ook in die lewe en sterwe van martelaars wat in die aangesig van die dood hul oë op die Here se troue liefde gerig het.

In ons tyd word die lewe verheerlik. In advertensies is die dinamiese, polsende lewe die een en die al, die belangrikste. Maar dit is dikwels 'n lewe sonder God. So 'n lewe mag mooi en opwindend lyk, maar dit is soos 'n afgesnyde blom. Dit is afgesny van die Bron van die lewe, dit verwelk en loop onvermydelik op die dood uit!

Om God en sy troue liefde in Jesus Christus te ken, is die ewige lewe. Dit is baie meer werd en baie meer standhoudend as 'n glanslewe sonder God!

Sing: Skrifberyming 33:1,2 Dr F van der Walt (Bellville-Oos)